Ontmoetingsdiens

Votum

Seën

Lofpsalm: Ps. 29: 1 & 5 (Dank die Here vir soveel reën die afgelope tyd)

1

Eng'lemagte, loof die HEER,

gee die HERE sterkte en eer!

Al die duisende tesaam -

sing die ere van sy Naam!

Eng'le, trone, heerskappye -

laat dit opklink uit jul rye!

Dien God, groot deur almagsdade,

in die skoonste feesgewade!

5

Onweerstorms het uitgewoed.

God sit bo die watervloed;

soos die kleur'ge reenboogkrans

sweef daarbo sy vredeglans;

en die grote wêreldstigter,

Hy, die sterke onweersrigter,

Hy laat op sy erf benede

druppels daal van seen en vrede.

Geloofsbelydenis

Die Geloofsbelydenis van Nicéa

Hierdie Belydenisskrif word genoem na die plek Nicéa (Klein-Asië), waar daar in die jaar 325 'n Sinode gehou is en waar die dwalings van Arius verwerp is. Die finale vorm is egter eers van 'n later datum, waarskynlik die Sinode van Konstantinopel, 381

> Ons glo in een God, die Almagtige Vader, die Skepper van die hemel en aarde, van alle sigbare en onsigbare dinge;
>
> en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore:
>
> Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.
>
> Hy het ter wille van ons, mense, en ons saligheid uit die hemel neergedaal en het deur die Heilige Gees uit die maagd Maria vlees geword, Hy het mens geword;
>
> onder Pontius Pilatus is Hy vir ons gekruisig;
>
> Hy het gely en is begrawe.
>
> Op die derde dag het Hy volgens die Skrifte opgestaan, en Hy het na die hemel opgevaar.

Hy sit aan die regterhand van die Vader, en Hy sal met heerlikheid terugkom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.

Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik. Hy het deur die profete gespreek.

Ek glo aan een heilige, algemene en apostoliese kerk.

Ons bely een doop tot vergifnis van die sondes.

Ons verwag die opstanding van die dooies en die lewe van die toekomstige bedeling.

Amen

Verootmoediging en versoening

Eksodus 20

Antwoord op die Wet: Ps. 4: 1 & 4

1

Verhoor my, HEER, in donker dae,

God van my reg, send troos vir my!

U wat my voer uit hinderlae,

hoor my uit vrye welbehae.

O manne wat my nou bestry,

hoe lank nog word in teënhede

my eer in skande omgekeer?

Hoe lank is jul met nietighede,

met ydelheid en wind tevrede?

Word leuentaal deur jul begeer?

4

U het my hart meer vreug gegewe

as ander smaak in volop-tyd,

as hul deur skyngeluk verhewe,

by mos en koring lustig lewe

en fees hou in kortstondigheid.

Ek sal gerus gaan slaap in vrede

en ongestoord lê ek my neer;

want U alleen verhoor my bede,

U waak oor my in teënhede,

dat ek kan veilig woon, o HEER!

Woorddiens

Gebed

Skriflesing: Titus 3: 1-11

HERINNER hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk;

2om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys.

3Want ons was ook vroeër onverstandig, ongehoorsaam, op ’n dwaalweg, verslaaf aan allerhande begeerlikhede en singenot; ons het in boosheid en afguns gelewe; ons was haatlik en het mekaar gehaat.

4Maar toe die goedertierenheid van God, ons Verlosser, en sy liefde tot die mens verskyn het —

5nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees

6wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser;

7sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

8Dit is ’n betroubare woord, en ek wil hê dat jy hierdie dinge beslis bevestig, sodat die wat in God glo, sorg kan dra om goeie werke voor te staan; dít is wat goed en nuttig is vir die mense.

9Maar vermy dwase strydvrae en geslagsregisters en twis en stryery oor die wet, want dit is nutteloos en doelloos.

10 Aan ’n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning,

11 wetende dat so iemand op ’n verkeerde pad is en sonde doen en selfveroordeeld staan.

Fokus: Titus 3: 1-2

HERINNER hulle daaraan om onderdanig te wees aan owerhede en magte, om gehoorsaam te wees, bereid tot elke goeie werk;

2 om niemand te belaster nie, nie strydlustig te wees nie, vriendelik te wees en aan alle mense alle sagmoedigheid te bewys.

God se genade word aan ons sondes verdienste geskenk. Laat ons dan in die samelewing regverdig en sagmoedig teenoor ander optree.

Die hoofstuk begin met 'n versameling opdragte wat veral handel oor gelowiges se verhouding met buitestaanders. Dit handel spesifiek oor die onderwerping aan die burgerlike owerhede, positiewe goeie werke, die vermyding van twis met ander mense, en die toon van sagmoedigheid teenoor mense in die algemeen.

Die gelowiges in Kreta moet 'n positiewe houding teenoor die samelewing as goeie burgers inneem, sowel deur goed te doen en om konflik te vermy. Hulle uitgaande

houding van geduld en sagmoedigheid teenoor almal word ondersteun deur die voorbeeld van God se eie geduld en sagmoedigheid aan hulle.

Paulus herinner Titus dat hy die gelowiges in Kreta met leer om ’n Christelike gehoorsaamheid aan die staat te handhaaf. Die algemene gesindheid van die Kretensers was blykbaar ongelooflik swak. Paulus haal een van die dwaalleraars aan in 1:12 om die Kretensers te beskryf, “Een van hulle mense, hulle eie profeet, het gesê: “Die Kretensers is altyd leuenaars, ongediertes, lui vrate.”

Paulus wil klaarblyklik nie hê dat die onstuimige Kretensers die kerk se beeld afbreek en in politieke oproer bring nie. So iets die evangelie onder verdenking kan bring. Die evangelie van Christus behoort mense voorbring wat vreedsaam en sagmoedig is, soos hulle Here Jesus Christus. Die laasgenoemde werkwoord “om onderdanig te wees”, toon duidelik die plig van die Christen teenoor die burgerlike owerheid. Die Griekse werkwoord peitharchō wat as “onderdanigheid” vertaal word, bedoel dat landsburgers inval by die regulasies van die burgerlike owerhede.

Die redenasie wat Paulus volg is heel billik. Iemand kan beweer hy is gehoorsaam aan Christus, maar in werklikheid is hy nie gehoorsaam aan die burgerlike owerheid nie. So iemand is dan besig om ’n leuen te lewe. Jou gehoorsaamheid aan Christus behoort te wys in alle terreine van jou lewe. Paulus, wat deur die Romeinse owerhede onregverdig gevange geneem is, het deur Jesus gewaarsku dat sy volgelinge vervolg sou word soos wat hulle Meester was (Joh. 15:20), maar ook 'n beroep op gelowiges om herhaaldelik saam te werk of onderdanig te wees aan die owerhede (3:1). In Rom. 13:1-3 herinner

Paulus die gelowiges daaraan dat alle mag uiteindelik van God afkomstig is en dat diegene met gesag veronderstel is om goeie gedrag aan te moedig. As jy ongehoorsaam is aan die owerheid, is jy ook ongehoorsaam aan God wat hulle aangestel het.

Paulus bedoel wel nie dat ’n mens soseer die ideale of idealisme van die owerheid bevorder nie, maar hy bedoel dat ’n mens inval by die regulasies en wette van die staat. Sulke wette bevorder gewoonlik regverdige en billike optrede teenoor jou medemens. Ons sien dit ook in die tweede deel van die 10 gebooie van God soos dit jou verhouding met jou medemens raak.

’n Mens kan ’n voorbeeld uit die alledaagse lewe gebruik: Sommige mense sou dalk belasting probeer ontduik. Paulus het in Rom. 13:6 uitdruklig genoem dat ’n Christen ook belasting moet betaal, “Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer.” Die rede hiervoor is dat jy belasting betaal, sodat die staat ’n burgerlike diens kan lewer tot voordeel van sy mense. As jy dit ontduik, dan ontneem daardie geleentheid nie net aan jouself nie, maar aan jou medemens.

In baie opsigte is sulke burgerlike wette bedoel om ’n diens teenoor jou medemens te wees. Daarom kan ’n gelowige nie ongehoorsaam wees aan sulke wette nie, want jy kan nie die geleentheid om regverdig en billik op te tree teenoor mense verontagsaam nie.

Net so tussen hakkies: Ons moet ons kinders van vroeg af leer om nie deel te neem aan hierdie onsinnige betogings wat sommige mense graag doen nie. Sodoende is jy besig om ongehoorsaam te wees aan die burgerlike owerheid en jy is besig om jou medemens te na te kom. Betogings geskied gewoonlik op ’n manier wat onmin saai, dit versteur die ordelikheid, en dit belemmer die gang van jou medemens. Byvoorbeeld: As mense sekere paaie toemaak en begin bande brand en mense gooi met klippe is jy (1) besig om eiendom te beskadig wat nie aan jou behoort nie, maar aan ander, (2) die wette van die owerheid dat jy die krenk van jou regte op beter maniere kan verdedig as sinnelose betogings, (3) jy keer dat jou medemens wat daardie paaie gebruik om by hulle werke te kom, en (4) jy stel ander en jou eie lewe in gevaar.

Paulus gaan verder deur te verduidelik dat ’n Christen bereid moet wees om te doen wat goed is in die gemeenskap waarin hy woon. Goeie burgerskap vereis gemeenskaplike optrede. ’n Gelowiges moet altyd saamwerk, mits daar geen sprake is van iets wat teen die Christelike gewete gaan nie.

Paulus het Titus al daaraan herinner dat Jesus gesterf het sodat Hy deur die Heilige Gees entoesiastiese mense van goeie werke “vir homself kan reinig” (Titus 2:14). Nou sit hy 'n paar kenmerke van goeie optrede uiteen (3:2). Terwyl die Christene miskien deur ander belaster word, moet hulle nie iemand lieg, bedrieg of oor hulle vals praat nie. In plaas daarvan moet gelowiges mense wees wat vriendelik en sagmoedig is.

Om sy punt te versterk, gebruik Paulus 'n sinoniem vir "sagmoedigheid" (prautēs; toon nederigheid) en noem dat dit uitdruklik aan alle mense bewys moet word. Nederigheid

is ’n eienskap wat ons Here Jesus ten toon gestel het: “Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig.” ’n Sagmoedige en nederige mens bring rus en vrede in ander mense lewe. Sagmoedigheid is immers ook deel van die vrug van die Gees.

Wanneer Paulus die kerk op Kreta roep om nederigheid te toon, vermaan hy hulle om saggeaard, nederig, onvoorwaardelik, goed te wees en op die sorg van die Here te vertrou. Sagmoedigheid en nederigheid is die eienskappe wat nodig is om sondaars op die regte pad aan te wys (1 Kor. 4:21; Gal 6: 1; 2 Tim 2:25; 1 Pet 3:16). Sagmoedigheid kan getoon word met die gebruik van 'n “sagte” stem op 'n redelike, regverdige, sagte, manier. In die Ou en Nuwe Testamente leer ons dat die "sagmoediges die aarde sal beërwe" (Ps. 36:11; Matt 5: 5). In Psalm 36 is die “sagmoediges” diegene wat afgunstig kan wees op die wêreldse sukses van sondaars en selfs onregverdig behandel kan word deur kwaaddoeners, maar as die “sagmoediges” volhard in die doen van die goeie wat God vereis, sal hulle deur God beloon word en in vrede bly leef.

God het ons soveel onverdiende genade bewys in Christus deur die Heilige Gees. Hoekom sal ons dan nie teenoor ander dieselfde optree nie? God het ons in Christus deur die Heilige Gees sagmoedig hanteer. Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn het — nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie, maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees wat Hy ryklik uitgestort het op ons deur Jesus Christus, ons Verlosser; sodat ons, geregverdig deur sy genade, erfgename kan word ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe.

Amen

Antwoorddiens

Gebed

Slotsang: Ps. 133: 1 & 2

1

Hoe goed is dit - 'n huis vol lieflikhede! -

dat broeders woon in onverstoorb're vrede.

Soos salf wat kunstig toeberei,

om Arons hoof 'n sagte geur versprei,

sy baard oordrup en heil'ge kleed deurtrek -

so sal die liefde liefde wek.

2

Dis soos die dou van Hermon, ryk nes reën,

op Sions berg: die HEER gebied die seën,

die lewe tot in ewigheid.

Seën